Die Saad Van Teenstrydigheid

Ek het gekies vanaand, vir 'n kort teks, of kort voorlesing, as die Here wil, om ons die konteks daarvan te gee, uit Mattheüs 13:24 tot 30. En dan ook ek—ek wil lees vanaf 36 tot 40, net binne 'n paar oomblikke. Nou Mattheüs, die 13de hoofstuk, en beginnende met die 24ste vers van die 13de hoofstuk van Mattheüs. Luister goed na die voorlesing van die Woord. My woorde sal faal, maar Syne sal nie.

> *'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het;*
>
> *Maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan.*
>
> *En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.*
>
> *En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?*
>
> *En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?*
>
> *Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.*
>
> *Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.*

2 Het julle opgelet, "Maak eers die onkruid bymekaar, en bind dit in bondels"? Nou, toe ek dit lees, daar was iets snaaks wat na my gekom het terwyl ek gesit het op die top van die Catalina Berge die ander aand, in gebed. En toe het ek gedink, waar kon ek 'n woord kry wat ek kon gebruik vir dit wat ek vanaand oor wou praat?

3 En ek het gegaan en die woord *teenstrydigheid* gekry, so ek het die woordeboek geneem en gekyk wat die woord *teenstrydigheid* beteken. En dit beteken dis "onenigheid saai", of—of, "teenstrydig wees", soos Webster sê, "saai 'n onenigheid, iets anders," of, "in teenstelling wees met iets wat alreeds was." So ek het gedink, die teks vanaand, ek sal dit noem: *Die Saad Van Teenstrydigheid*. En vertrou dat die Here Sy Woord sal seën nou soos ons Dit tegemoet gaan.

4 En ons weet ook Hy het verklaar, in vers 36 en—en tot 43, hoe dat hierdie saad ryp geword het. En terwyl ons daar is, laat ons dit net ook lees, vers 36 nou tot 43.

> *Nadat Hy die skare weggestuur het, het Jesus huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand.*
>
> *En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens,*
>
> *En die saailand is die wêreld. Die goeie saad-dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,*
>
> *En die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.*
>
> *Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld:*
>
> *Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en dié wat die ongeregtigheid doen,*
>
> *En sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal gehuil of geween wees en gekners van die tande.*
>
> *Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.*

5 Dit is Jesus wat Self die interpretasie van die gelykenis gee, daarom weet ons dan wat die interpretasie beteken. En nou soos ons dit benader, van hierdie saai van die saad en—en die oes, nou interpreteer Hy dit. En dan glo ek dat Jesus hierdie gelykenis in Sy dag gespreek het, maar Hy het dit bedoel aan die einde van die wêreld, of, die end van die eeu, wat *hierdie* dag is. En ek glo dat hierdie klein teks vanaand baie gepas is vir die uur waarin ons lewe, omdat Jesus uitdruklik gesê het dat "die bymekaarmaak sou aan die einde van hierdie wêreld wees," dis dan wanneer die einde sou wees; die bymekaarmaak van die koring, en ook die bymekaarmaak van die onkruid en die brand daarvan, en om die koring in die Koninkryk in te neem. En ek glo dit was op hierdie manier.

6 En nog 'n Skrif lei my om so te glo, ek het dit hier neergeskryf, is Mattheüs 24:24, waar dit sê dat, praat oor die—die setel, die saad van teenstrydigheid, Jesus het gesê dat die twee sou so naby wees totdat dit selfs die einste Uitverkiestes sou mislei indien dit moontlik was. Amper presies dieselfde.

7 Nog 'n plek in die Skrif waar dit geskryf is, dat die reën val op die regverdige en die onregverdige.

8 Ek onthou my eerste ondervinding om ooit onder Pinkster mense te kom. Ek was by Mishawaka, Indiana. En ek was by 'n groot konvensie, 'n saal omtrent soos hierdie, waar die Noorde en die Suide bymekaar gekom het. Omdat in daardie dae, van die skeiding, moes hulle daarbo ontmoet. Hulle was twee groot ordes van die Pinkster broers. Ek het nooit voorheen van hulle gehoor of hulle ontmoet nie. Die eerste keer wat ek ooit praat in tale gehoor het. En op die punt van die ry, van die konvensie . . . Ek wat nie 'n lid van hulle was nie, ek was net 'n jong Baptis predikant, ek het ver agter aan die agterkant gesit. En ek onthou die eerste keer wat ek enigiemand gehoor praat het in tale, ek het nie eens geweet waaroor—waaroor dit alles gegaan het nie. En toe hierdie twee manne, hoofsaaklik, het voor my gesit, een sou praat in tale en die ander sou interpreteer wat die man gesê het. Wel, ek het net begin om my Bybel te bestudeer so hard as wat ek kon, net daar, en uitgevind dat dit Skriftuurlik was. Dis presies wat die Skrif, die Heilige Gees sou doen.

9 Wel, omtrent 'n dag daarna. Daardie aand was my hart so ontroer. Ek het geslaap in 'n koringland. Ek het nie eens genoeg geld gehad om vir my 'n—'n—'n bed te kry nie, ek het net genoeg geld gehad om mee huis toe te gaan, en ek het vir my 'n paar oliebolle gekry, 'n paar dae oud, of rolletjies, was dit, en vir my ontbyt. En ek was welkom om saam met hulle te eet, maar ek het geen geld gehad om in te sit nie. In daardie dae, dit was in die depressie, 1933, so dit was—dit het redelik swaar gegaan. En so het ek gedink, "Wel, hoe? Ek wil nie saam met hulle eet nie, maar ek wil weet wat hulle het. Hulle het iets wat ek nie het nie."

10 So daardie môre was ek . . . hulle het my gevra, "Alle predikante kom na die platvorm en identifiseer net jouself, wie julle is, waar julle vandaan kom."

11 Wel, ek—ek het net gesê, "William Branham, evangelis, Jeffersonville," gaan sit. Wel, op daardie oomblik was ek die jongste predikant op die platvorm. En die volgende dag het hulle my geroep na die platvorm om te praat. En toe nadat ek gepraat het, wel, ons het 'n wonderlike tyd gehad, en toe het ek begin om verskillende mense te ontmoet wat my uitnooi na hulle kerke. Toe nadat hulle . . .

12 Daarna, wel, ek het gedink, "As ek net kon kom waar daardie twee vernaamste manne was wat in tale gepraat en geinterpreteer het!" Dit het my verteer in my hart, ek wou dit so graag hê. Wel, soos ek julle vertel het aan die begin, 'n klein gawetjie wat jy oortrek. Julle weet, gawes en roepings is sonder belydenis, jy het hulle jou hele lewe, sien, jy word gebore met hulle, as hulle gawes van God is. So het ek altyd, vanaf 'n klein, klein babatjie, dit het altyd gebeur met my, mense wat my my hele lewe lank ken, hulle weet dis waar. Wel, as ek dink . . . ek het nie geweet wat dit was toe nie, dit 'n gesig genoem, ek het net nie geweet wat dit was nie. Maar ek het gedink, "As ek ooit

met hulle kon praat!" Wel, en die gees wat in die gebou was het gevoel asof dit regtig die Gees van God was.

13 So ek—ek het begin praat met een van hulle, en ek het hom 'n paar vrae gevra, en hy was 'n regte ware Christen. Daar was geen tywfel daaromtrent nie, daardie man was 'n regte gelowige. En die volgende man, toe ek met hom praat, as ek ooit 'n skynheilige ontmoet het, dit was een van hulle. Daardie man was werklik . . . Sy vrou was 'n blondekop vrou, en hy het kinders by . . . twee kinders by 'n swartkop vrou. En ek het gedink, "Wel, wat nou? Hier is dit, ek is—ek is verward. Ek is 'n fundamentalis; dit moet die Woord wees, of dit is nie reg nie. En hier is daardie Gees, een het uitgeroep, volgens alles wat ek weet, eg; en die ander een was glad nie goed nie; en die Gees val op altwee van hulle. Nou, hoe kan dit wees?" Ek het, dit het my gekwel.

14 Twee jaar later, ek het gebid in 'n grot waar ek sou gaan om te bid. Dit het stowwerig in die grot geword, en een agtermiddag het ek uitgeloop, my Bybel neergelê op 'n stomp, en die wind het gewaai en Dit geopen by Hebreërs, die 6de hoofstuk. Wat sê, dat in die laaste dae, hoe dit sou wees as ons sou wegval van die Waarheid en onsself weer sou vernuwe tot bekering, daar was geen offerande meer vir sonde nie, en hoe dat die dorings en distels, wat naby aan verwerping was, wie se einde dit sou wees om verbrand te word; maar die reën kom op die aarde, dikwels, om dit te benat, dit te beklee; maar die dorings en distels sou verwerp word, maar die koring sou bymekaargemaak word. En ek het gedink, "Wel, dit was net die wind wat dit oopgewaai het." Wel, ek het net weer die Bybel neergelê. En ek het gedink, "Wel, nou ek sal net . . . " En hier kom die wind weer en waai Dit oop. Dit het drie keer gebeur. En ek het gedink, "Wel, nou, dit is snaaks."

15 En toe het ek opgestaan, en ek het gedink, "Here, hoekom sou U daardie Bybel oopmaak vir my om dit te lees, ek . . . toe ek afkom op daardie woord, 'dorings en distels, wat naby verwerping is, wie se einde dit is om verbrand te word'?" Ek het gedink, "Hoekom, sou U dit vir my dáár open?" En soos uitkyk oor . . .

16 Nou, hierdie ware gesigte kom sonder om oor te gaan in enige rat. Dis net God. Sien? Ek het gekyk en gesien 'n aarde wat gedraai het voor my, en ek het gesien dit was alles omgeploeg. Daar was 'n man aangetrek in wit, rondgegaan en koring gesaai. En nadat hy rondom die kromming van die aarde gegaan het; om kom 'n man, het verskriklik gelyk, en hy was aangetrek in swart, en hy het onkruidsaad oral daar gegooi. Hulle het altwee saam opgekom. En toe hulle het, hulle was altwee dors, omdat 'n reën nodig was. En elkeen het gelyk of hy bid, met sy klein kop wat neerbuig, "Here, stuur die reën, stuur die reën." En die groot wolke het opgekom, en die reën het geval op albei van hulle. Toe dit het, die klein koring het opgespring en begin om te sê, "Prys

die Here! Prys die Here!" En die klein onkruid het opgespring reg aan dieselfde kant, en gesê, "Prys die Here! Prys die Here!"

17 En toe was die gesig geïnterpreteer. Die reën val op die regverdige en die onregverdige. Dieselfde Gees kan val in 'n byeenkoms, en almal kan daarin verjeug wees: skynheiliges, Christene, en almal saam. Presies reg. Maar wat is dit? Deur hulle vrugte word hulle geken. Sien? Dis die enigste manier hoe dit bekend kan word.

18 Dan sien julle dat nou, terwyl wilde hawer, of wilde koring en graan, somtyds 'n egte, huishoudelike graan, naboots so naby dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei. Ek dink ons lewe in 'n tydige eeu, wanneer hierdie dinge oor gepreek en gepraat moet word.

19 Let op in vers 41, die twee ook baie naby, so naby in die laaste dae totdat Hy het dit nie gedoen nie . . . Hy kon nie vertrou op 'n sekere kerk om hulle te skei nie, sê, die Metodiste of die Baptiste, of die Pinksters, om hulle te skei nie. Hy het gesê, "Hy stuur Sy engele om hulle te skei." 'n Engel kom om die skeiding te bring, die skeiding tussen die regte en die verkeerde. En niemand kan dit doen behalwe die Engel van die Here nie. Hy is die Een wat gaan vertel wie is reg en wie is verkeerd. God het gesê Hy sal Sy engele stuur teen die laaste tye. Nie engele *hier onder* langs nie, maar engele teen die laaste tyd, en sou bymekaarbring. Ons weet dat dit oestyd word nou. Nou, 'n *engel* word eintlik geïnterpreteer as 'n "boodskapper." En ons sien dat daar sewe engele is van die sewe kerke, en nou . . . Nee, deur die kerkeeue.

20 Let op wie Hy gesê het die saaiers is, en ook wat die saad was. Een, die saaier was Hy, die Seun van God, wat vooruit gegaan het, saaiende saad. En 'n vyand het agter Hom aangekom, wat die Duiwel was, en die saad van teenstrydigheid gesaai, agter die saai van die regte Saad. Nou, vriende, dit het gebeur deur elke eeu sedert ons 'n wêreld het. Presies. Al die pad vanaf die begin, dit het dieselfde ding begin.

21 Nou Hy het gesê, "Die Saad van God, die Woord van God." Jesus het gesê, op 'n sekere plek, dat "Die Woord is 'n Saad." En elke saad bring voort van sy soort. En nou as die Christen, die kinders van God, die kinders van die Koninkryk die Saad van God geword het, dan moet hulle die Woord van God wees, die Woord van God gemanifesteer in die eeu waarin hulle lewe, vir die beloofde Saad van daardie eeu. God het Sy Woord gegee aan die begin, en elke eeu het sy Saad gehad, sy tyd, sy beloftes.

22 Nou, toe Noag op die toneel kom, en hy was die Saad van God, die Woord van God vir daardie eeu.

23 Toe Moses kom, hy kon nie kom met Noag se boodskap nie, dit sou nie werk nie, omdat hy die Saad van God was in daardie tyd.

24 Toe, toe Christus gekom het, Hy kon nie kom met Noag of Moses se eeu nie; dit was Sy tyd, vir die maagd om swanger te word en 'n Seun voort te bring, en Hy sou die Messias wees.

25 Nou, ons het gelewe deur Luther se eeu, Wesley se eeu (Metodiste eeu), al deur die eeue, en die Pinkster eeu, en elke eeu het 'n belofte gegee van die Woord. En die mense van daardie eeu, wat daardie beloofde Woord gemanifesteer het, is die Saad van daardie eeu, volgens wat Jesus nou net daar gesê het, "Hulle is die kinders van die Koninkryk." Dis reg. Die manifestasie van die Heilige Gees wat opereer deur Sy kinders is daardie Saad van die Koninkryk in daardie eeu.

26 Let op, die onkruid was die een, die vyand, Satan, wat tweedrag gesaai het, of die—die saad van teenstrydigheid, hy was die een skuldig aan die doen van hierdie verskriklike ding. Satan saai sy saad vanaf die begin, toe God Sy eerste oes geplaas het van mense op die aarde. Adam, natuurlik, het reeds geweet dat daar was 'n—'n kennis van waarheid, reg en verkeerd, en hy het nog nooit daarby gekom tot nou nie.

27 Maar ons vind uit, God gee Sy kinders Sy Woord vir hulle Verdediging. Hulle. . . Ons het geen ander Verdediging behalwe die Woord van God nie. Dit is ons Verdediging. Daar is geen bomme, geen skuilings, geen wegkruipplekke, geen Arizonas of Kalifornieë, of waar ook al dit is nie; daar's slegs een Verdediging wat ons het, en dit is die Woord. En die Woord was vlees gemaak en het onder ons gewandel, wat Christus Jesus is, Hy is ons enigste Verdediging. Om in Hom te wees, is ons veilig.

28 Nie eers sonde is toegereken aan 'n egte gelowige nie. Het julle dit geweet? Hy wat gebore is van God, doen nie sonde nie, hy kan nie sondig nie. Sien? Dis nie eens toegereken nie. Tog, Dawid het gesê, "Geseënd is die man aan wie God nie sonde toereken nie." Wanneer jy in Christus is, jy het geen begeerte om te sondig nie. "Die aanbidder eens gereinig, het geen meer gewete van sonde nie," jy begeer dit nie. Nou, vir die wêreld, jy mag 'n sondaar wees; maar, vir God, is jy nie, omdat jy in Christus is. Hoe kan jy in 'n sondaar wees wanneer jy in 'n sondelose Een is, en God sien net Hom in Wie jy is?

29 Nou hierdie oestyd. Aan die begin, toe God Sy Saad gesaai het op die aarde en dit gegee het in die harte van Sy kinders, Sy familie, om daardie Woord te bewaar, dit was hulle enigste Verdediging, bewaar daardie Woord! Hier kom die vyand in en breek daardie Skans, deur die saai van die saad van teenstrydigheid, teenstrydig met die Woord van God. As dit die teenstrydigheid in die begin was, dis steeds! Enigiets wat enigiets sal byvoeg by die Woord van God, is steeds die saad van teenstrydigheid! Ek gee nie om waar dit vandaan kom nie, of dit is vanaf 'n organisasie, of dit is vanaf militêre bronne, of dit is

vanaf politieke magte, enigiets wat teenstrydig is met die Woord van God, is die saad van teenstrydigheid!

30 Wanneer 'n man staan en sê hy is 'n Evangelie prediker, en sê dat "die dae van wonderwerke is verby," dis die saad van teenstrydigheid. Wanneer 'n man staan en sê hy is 'n predikant, 'n pastoor van 'n kerk of êrens, en hy glo nie dat Jesus Christus is dieselfde in elke besonderheid (behalwe die fisiese liggaam), dieselfde gister, vandag, en vir altyd nie, dis die saad van teenstrydigheid. Wanneer hy sê dat "die wonderwerke en die apostoliese eeu verby is," dis die saad van teenstrydigheid. Wanneer hulle sê, "Daar is glad nie so 'n ding soos Goddelike genesing nie," dis die saad van teenstrydigheid. En die wêreld is vol daarvan. Dit verdring en versmoor die koring.

31 Ons let op dat die eerste saaier van die saad van teenstrydigheid was gebrandmerk "die Duiwel," en ons weet dit was, in Genesis 1. Daar vind ons uit, en hier oorkant in—in die Boek van Mattheüs, die 13de hoofstuk, Jesus brandmerk steeds enige teenstrydigheid van Sy Woord as synde "die Duiwel." En hierdie 1956, enigiets wat teenstrydigheid saai, teenstrydig met die geskrewe Woord van God, of sit enige private interpretasie Daaraan, is die saad van teenstrydigheid. God sal dit nie eer nie. Hy kan nie. Dit sal nie meng nie. Dit sal sekerlik nie. Dit is net soos 'n mosterdsaad; dit wil nie meng met enigiets anders nie, jy kan dit nie kruis nie, dit moet die egte ding wees. Saad van teenstrydigheid!

32 Nou vind ons, toe God Sy Saad gesaai het in die Tuin van Eden, ons vind uit dat dit voortgebring het, 'n Abel. Maar toe Satan sy saad gesaai het van teenstrydigheid, dit het voortgebring, 'n Kain. Een het voortgebring 'n regverdige een; een bring voort 'n onregverdige een. Omdat Eva geluister het na die woord van teenstrydigheid, teenstrydig met die Woord van God, en dit het die bal van sonde laat begin rol, en het gerol sedertdien. En ons sal dit nooit alles uitkry totdat die engele kom en die hele ding skei nie, en God neem Sy kinders na die Koninkryk, en die onkruid sal verbrand word. Let op na hierdie twee takke.

33 As ons net meer tyd gehad het op hierdie onderwerp, maar net om die hoogtepunte te raak, sodat ons reguit kan ingaan in die gebed vir die siekes binne die volgende paar minute.

34 Let op, hulle sade het saam gegroei net presies soos God gesê het, daar oorkant in die 13de hoofstuk, van ons teks vanaand, van Mattheüs, "Laat hulle saam groei." Nou, Kain het gegaan na die land van Nod, vir homself 'n vrou gevind, en getrou; en Abel was gedood, en God het Set opgerig om sy plek te neem. En die geslagte het begin voortgaan, tussen reg en verkeerd. Nou, ons let op hulle het saamgekom, elkeen van hulle, keer op keer, en

God moes. . . Dit het so goddeloos geword totdat God dit moes vernietig.

35 Maar hulle het uiteindelik voortgekom totdat altwee van daardie sade, die saad van teenstrydigheid en die Saad van God, hulle egte koppe voortgebring het, en dit het geëindig in Judas Iskariot en in Jesus Christus. Want, Hy was die Saad van God, Hy was die begin van die skepping van God, Hy was niks anders as God nie. En Judas Iskariot was gebore die seun van verderflikheid, gekom uit die hel, teruggegaan na die hel. Jesus Christus was die Seun van God, die Woord van God gemanifesteer. Judas Iskariot, in sy teenstrydigheid, was die saad van die Duiwel, gekom na die wêreld, en vir bedrog; net soos dit was in die begin, Kain, sy gewese wader.

36 Judas het net kerk gespeel. Hy was nie regtig opreg nie, hy het nie werklik geloof gehad nie (hy sou nooit Jesus verloën het nie). Maar, julle sien, hy het die saad van teenstrydigheid gesaai. Hy het gedink hy kon vriende maak met die wêreld, mammon, en ook vriendskap hê met Jesus, maar dit was te laat vir hom om enigiets daaraan te doen. Toe sy sterwensuur kom, toe hy hierdie bose ding gedoen het, hy het die skeidslyn oorgesteek tussen vorentoe gaan en terugkom. Hy moes aangaan op die pad wat hy gegaan het, as 'n bedrieër. Hy het die saad gesaai van teenstrydigheid, hy het probeer om guns te vind by daardie groot organisasies van daardie dag, met die Fariseër en Sadduseër. En gedink hy sou vir homself 'n stukkie geld maak, en sou populêr onder die mense wees. As dit nie so baie mense laat ingaan in daardie teenstrydigheid nie, probeer om guns te vind by mense! Laat ons guns vind met God, nie met mense nie. Maar dit is wat Judas gedoen het toe hierdie teenstrydighede volbring is in hom.

37 En ons weet dat Jesus was die Woord, Johannes 1, sê, "In die begin was die Woord, en die Woord was met God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Dan, die Woord is 'n Saad, toe het die Saad vlees geword en onder ons gewandel.

38 As Judas die saad van die vyand en van teenstrydigheid was, dit het ook vlees geword en gewandel onder ons in die persoon van Judas Iskariot. Hy het nooit regte, regte geloof gehad nie. Hy het gehad wat hy *gedink* het was geloof. Daar is so 'n ding soos om geloof te hê; 'n voorgee geloof.

39 En 'n egte geloof van God sal glo in God, en God is die Woord, dit sal nooit iets Daarby voeg nie. Die Bybel vertel ons as ons een woord byvoeg, of een woord wegneem, ons deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe, Openbaring 22:18, die laaste slot hoofstuk.

40 In die eerste begin, die eerste Boek van die Bybel, God vertel hulle om nie een Woord te breek Daarvan nie, "elke Woord moes onderhou word," hulle moes lewe deur daardie Woord. Jesus, in

die middel van die Boek, het gekom en gesê dat in Sy eeu, en gesê, "Mens sal nie lewe van brood alleen nie, maar van elke Woord wat—wat uitgaan uit die mond van God." En in die slot eeu van Openbaring, aan ons voorspel, dat "Wie ook al een Woord sal wegneem uit die Boek, of een Woord daarby sou voeg, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe."

41 Daarom kan daar niks skadu-agtig wees nie, net 'n egte onvervalste Woord van God! Dit is seuns van God, dogters van God, wat nie gebore is deur die wil van die mens nie, of deur die skud van 'n hand, of 'n sekere vorm van doop nie; maar gebore in die Gees van God, deur die Heilige Gees, en die Woord manifesteer Ditself deur hulle. Dis die egte Saad van God!

42 Die vyand sluit by die kerk aan en word baie ortodoks in 'n geloofsbelydenis of iets. Maar dit is nie . . . Dis teenstrydigheid, enigiets wat inmeng met daardie bloedlyn van egte Waarheid van God se Woord.

43 En hoe weet ons? Ons sê, "Wel, hulle, het jy 'n reg om dit te interpreteer?" Nee, meneer! Geen mens het die reg om God se Woord te interpreteer nie. Hy is Sy Eie interpreteerder. Hy beloof dit, dan doen Hy dit, dis die interpretasie daarvan. Toe Hy dit beloof het, dan volbring Hy dit, en dit is die interpretasie daarvan. Enigiets teenstrydig met God se Woord is 'n teenstrydigheid! Absoluut!

44 Nou, soos ek gesê het, Judas het geen regte geloof nie. Hy het 'n voorgee geloof gehad. Hy het gehad 'n—'n geloof wat hy gedink het wat die Seun van God was, maar hy het nie geweet dit was die Seun van God nie. Hy sou dit nie gedoen het nie. En 'n man wat sal toegee op hierdie Woord van God, wat die Waarheid is, hy het 'n voorgee geloof. Egte dienaar van God sal hang aan daardie Woord.

45 'n Paar aande gelede, 'n sekere prediker, van Arizona, van 'n groot beroemde skool hier in hierdie stad, na my gekom en gesê, "Ek—ek wil jou teregwys op iets" (Ek het gesê . . .) "wanneer jy 'n kans kry."

Ek het gesê, "Hierdie is die beste kans waarvan ek weet. Kom oor hierheen."

46 En so het hy gekom, en gesê, "Mnr. Branham, jy probeer . . . Ek glo jy is opreg en jy is eerlik, maar jy probeer om aan die wêreld 'n apostoliese Doktriene bekend te stel." En gesê, "Die apostoliese eeu het geëindig met die apostels."

47 Ek het gesê, "Die eerste ding wat ek wil sê aan jou, my broer, glo jy dat elke Woord van God geïnspireer is?"

Hy het gesê, "Ja, meneer, sekerlik."

48 Ek het gesê, "Dan, sal jy my in die Woord wys waar die apostoliese eeu opgehou het? Nou, jy wys my waar dit is, en ek sal jou glo." En ek het gesê, "Die skrywer van die apostoliese,

die een wat die sleutels van die Koninkryk gehad het, op die dag van Pinkster toe die apostoliese eeu ingelei was, hulle het gesê, 'Manne en broers, wat kan ons doen om gered te word?' Hy het gesê, 'Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte is aan julle en julle kinders, en hulle wat ver weg is, selfs so baie as wat die Here ons God sal roep.' Nou, hoe kan die Woord Homself weerspreek?"

Die man het gesê, "Ek het 'n vreeslike verkoue vanaand."

Ek het gesê, "Ek dink ook so." Sien?

49 Nou sê julle my, roep God steeds? As God steeds roep, dan bestaan die apostoliese eeu steeds. Sekerlik! Soveel as wat die Here onse God sal roep, ooit roep, ooit sal roep, soveel as wat Hy sal roep, dit sal steeds die apostoliese eeu wees, want Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

50 Nou, ons vind vandag uit dat hierdie teenstrydigheid gesaai is deur elke eeu. As dit moontlik was om dit te kry in die volgende tien of vyftien minute, sou ek dit doen, maar ek kan nie. Reg deur die eeue . . . Ons is almal, meeste van ons lees die Bybel. En nou soos Jesus gekom het, en Hy gevind het daardie teenstrydigheid, teenstrydig. Hy was die Woord gemanifesteer, Hy was God se interpretasie van die Woord, want Hy het gesê, "Deursoek die Skrifte, want in hulle dink julle, julle het Ewige Lewe, en hulle is hulle wat getuig van My." Daar het julle dit. Hy—Hy was die interpretasie van die Woord. En elke wedergebore seun en dogter van God in hierdie eeu is die interpretasie van die Woord. Julle is geskrewe apostels, gelees deur elke mens. Ja.

51 Let op, Hy het gesê, "Tevergeefs aanbid hulle My, en leer teenstrydigheid as Doktriene. Tevergeefs aanbid hulle My, en leer as Doktriene die teenstrydigheid, doktriene van mense, geloofsbelydenisse van mense, en leer dat dit die Woord van God is, wanneer dit niks te doen het met die Woord van God nie."

52 Kyk, elke eeu produseer 'n oes, elke eeu het dit gedoen, en ons s'n is geen verskoning nie. Ons het dieselfde ding, 'n groter eeu daarvan as al die ander eeue saamgevoeg, want dit is die voleinding van die wêreld se geskiedenis. Dit is die groot teenstrydigheid wat ooit op die aarde was, is op die aarde vandag. Teenstrydigheid in ander eeue het hulle weggetrek van die ware en lewende God, na afgode. Vandag, Jesus het gesê in Mattheüs 24:24 dat dit so naby sal wees totdat dit die einste Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was. Praat van teenstrydigheid! O, dit is so geslepe. Satan is onder die mense, en net so 'n teoloog, so 'n Dokter van Godgeleerdheid, kan die Woord amper perfek onderrig. Jesus het so gesê. Maar hou hom net dop, daar sal iewers wees. Gesê, "Wel, nou, dit was nie vir dit nie." O, ja, dit is, ook, sien, omdat God gesê het dit was.

53 Kyk wat dit gedoen het. Daardie selfde teenstrydigheid het God se toorn gebring in die dae van Noag, toe God Sy Profeet uitgestuur het en gepreek het soos 'n brandende vuur, bekering uitgeroep na die mense, en die teenstrydigheid het verdrink. Toe wat het Satan gedoen? Reg agterna gekom, in Gam, en dit weer begin saai. Dis presies reg.

54 Moses het gekom, die groot profeet, om die kinders van Israel uit die wildernis te bring. Wat het gebeur? Moses, die groot profeet van God, wat hulle die absolute Waarheid gebring het, geregverdigde Waarheid. Hy het God ontmoet. God het bewys dat Hy met hom was. En hoe daardie mense daar, daardie priesters, en hulle het hulle godsdienste gehad, hulle rituele, hulle regte en alles, maar Moses het gestaan as 'n vindikasie van die interpretasie van die Woord. Moenie dit vergeet nie! Moses was God se interpretasie van Sy belofte. Hy het gesê Hy sou dit doen; Hy was God se interpretasie.

55 Wat het gebeur? Die kerk het net begin om uit te gaan uit Egipte, op sy voete vir 'n paar dae, en wat het gebeur? Satan het gekom met sy teenstrydigheid in die persoon, die tweede Kain, wat Bileam was, en hy het teenstrydigheid gesaai onder hulle. Ons weet dit is reg. Daardie Bileam, die leringe van Bileam, dat "ons is almal dieselfde, ons dien dieselfde God as julle," fundamenteel, was hy reg, want hy het 'n offerande geoffer wat God geoffer het; sewe ramme, sewe jong osse op sewe altare, en gebid na dieselfde God perfek net soos Moses gedoen het onder in die wildernis, net presies dieselfde. Maar hulle was nie dieselfde nie! Voortskouend aan ons wat sou gebeur. Daar was, weer, Kain gemanifesteer in die—in die persoon van Bileam. En daar was God gemanifesteer in die persoon van Moses, Sy Woord geïnterpreteer deur 'n menslike wese, om Homself bekend te maak, Sy belofte, deur 'n menslike wese. En die teenstrydigheid het opgestaan.

56 So het dit gedoen in die tyd van Judas, daar het hy gekom met sy teenstrydigheid.

57 En, onthou, hierdie sonde wat daardie mense geglo het, dat "ons is almal dieselfde, ons aanbid dieselfde God, ons moet almal aan dieselfde kerk behoort, ons moet dieselfde mense wees," daardie sonde was nooit vir Israel vergewe nie! Jesus het gesê, Self, "Hulle is almal dood!"

58 Hulle het omgekom, almal behalwe drie van hulle, en dit was diegene wat die belofte geglo en daaraan vasgehou het. Toe die swakkeling gesê het, "Ons kan nie die land neem nie, en dit is te veel vir ons," ensovoorts; Kaleb en Josua het die mense stil gemaak, en gesê, "Ons is meer as in staat om dit te doen, omdat God dit aan ons belowe het! Ek gee nie om wat die opposisie is nie!"

59 En ons kan steeds Goddelike genesing preek, en die doping met die Heilige Gees, en steeds die krag van God hê om ons te skei van die dinge van die wêreld. God het so gesê! Die apostoliese eeu het nooit opgehou nie, en sal nooit ophou nie, dit gaan aan.

60 So, ons vind dieselfde ou saaier van teenstrydigheid. En onthou, daardie sonde was nooit vergewe nie. Nou, broer, as dit nooit vergewe was toe nie, wat omtrent nou, wanneer die—die regte saad van al die eeue saamkom?

61 Let op hierdie groot ding wat Bileam gedoen het, dit het aan en aan gegaan, en het uiteindelik geëindig in die koms van—van Judas Iskariot, en Jesus. Wat was dit? Judas en Jesus was net presies 'n afbeelding van Kain en Abel. Want, soos Judas godsdienstig was, so was Kain godsdienstig. Kain het 'n altaar gebou, hy het 'n offerande gemaak, hy het God aanbid, hy was net so opreg in dit as die ander een was. Maar, julle sien, hy het nie 'n openbaring gehad van wat die Woord was nie. Hy het gedink dat Adam en Eva sekere appels of sekere vrugte geëet het. En Kain . . . Abel, deur openbaring, het geweet dit was verkeerd; dit was die bloed wat hulle uitgebring het, en hy het 'n lam geoffer. En God het getuig dat sy offer reg was. Toe het hy jaloers geword en probeer om sy broer dood te maak. En soos hy sy broer doodgemaak het op dieselfde altaar wat sy offerande dood is, het die lam gesterf op die altaar, so het Judas Iskariot, Jesus Christus verraai op die altaar van God, en Hom doodgemaak net soos Kain Abel doodgemaak het. Omdat, Kain was die saad van teenstrydigheid.

62 En so was Bileam, die huurling profeet, 'n man wat behoort beter te geweet het. En God het hom gewaarsku deur tekens en wonders, en selfs 'n muil wat praat in onbekende tale, en steeds het hy net aangegaan, net dieselfde. Hy was gebore om 'n—'n saaier van teenstrydigheid te wees.

63 En as Jesus voorspel het dat hierdie eeu sou opeindig in die grootste teenstrydigheid wat ooit was, die Laodicense kerkeeu, louwarm, hulle sit Hom uit die kerk, hoe kan dit enigiets anders wees as teendstrydigheid! Sekerlik, dit is. Dit eindig in daardie eeu.

En dit was Kain en Abel weer op Golgotha.

64 Nou let op, soos altyd, so gou as Jesus weggegaan het, gegaan het na die Hemel, die Heilige Gees was teruggestuur. Dit was die Saad, die Lewe-gewer van die Woord, soos ons gesê het gisteraand. Dis die Een wat die Woord verlewendig. *Verlewendig* beteken "Lewend maak." Die egte Heilige Gees maak net die Woord Lewendig wat Dit is. Dit sal nie 'n geloofsbelydenis Lewendig maak nie, Dit kan nie, want Dit is niks van die geloofsbelydenis nie. Dit is die Lewe van die Woord van God, want Dit is God. Sien? En Dit verlewendig daardie Liggaam.

65 Nou let op, soos hulle gedoen het. Dan, soos die Bybel gesê het, en—en Johannes het gepraat met sy kinders, en gesê, "Klein kinders, julle het gehoor van die antichris wat na die wêreld kom," gesê, "wat alreeds in die wêreld is, en dit werk in die kinders van ongehoorsaamheid." Nou, dit was omtrent dertig jaar na die koms van die Heilige Gees. Ons vind, toe die Heilige Gees kom, die regte Saad, die regte Lewe-gewer van die Saad, toe het daardie teenstrydigheid weer ingekom. En let op, dit het aangegaan. Dit het . . .

66 Die regte Woord was gehandhaaf, daardie profete van ouds het die Woord van God bevestig as die Waarheid soos hulle voortgegaan het. As enigiemand ooit die Nicaea Raad gelees het, of die Pre-Nicaea Raad, daardie vyftien dae van bloedige politiek, toe daardie klomp Romeine daar onder, wou inbring en 'n denominasie van die kerk maak. Profete het ingekom, toegedraai in skaapvelle, kruie geëet, en gestaan vir daardie Woord! Maar wat het dit gedoen? Dit moes wees soos Kain, dit moes wees soos Abel, een moes sterf. Sekerlik, dit het. En die Woord het Sy invloed verloor onder die mense, en hulle het almal die ware Woord uitgestem en dogmas van teenstrydigheid geneem van die vroeë Katolieke kerk. Hulle het 'n pous bygevoeg, hulle het 'n biskop bygevoeg, hulle het *dit, dat* en die *ander* bygevoeg. Hulle het die regte ware betekenis van Petrus weggevat, en van—van—van Maria, en—en al die res daarvan; en afgode gemaak, en niks anders gemaak as 'n heidense seremonie van sogenaamde Christenlike godsdiens nie. Wat was dit? Saad van teenstrydigheid! En georganiseer, organiseer, vir die eerste keer op aarde, 'n kerk. Wat was dit? Die saad van teenstrydigheid wat begin saai het, iets bygevoeg, weggevat.

67 Wie het ooit gehoor, in die Bybel, om nie vleis op Vrydag te eet nie? Wie het ooit gehoor, in die Bybel, van enigiets van sprinkeling in plaas van doping, onderdompeling? Wie het ooit gehoor van daardie dinge, 'n "Ave Maria" of iets? Wie het ooit gehoor van sommige van hierdie verrotte gemors van hierdie Protestante, ook? Pot kan nie die ketel verwyt nie. Reg! Net, skuldig aan die minste is skuldig aan alles! Wie het ooit gehoor dat God handel in 'n organisasie? Wys my een keer dat een ooit georganiseer het en ooit aan die lewe gebly het. Hulle het onmiddelik doodgegaan, en nooit weer opgestaan nie! Dis tyd dat iets plaasvind, dis tyd vir God om te beweeg. Julle maak die invloed dood onder die mense.

68 Dieselfde ding is gedoen vandag. Hulle maak die invloed dood, sê, "O, daardie klomp dwepers, daar's niks aan hulle nie." En, tog, dis teenstrydigheid! Ontmoet die Woord aangesig tot aangesig en sien wat Dit is, kyk of God Sy eie Woord interpreteer. God is in staat om van hierdie klippe kinders van Abraham op te rig. Amen.

69 Die Woord is behoorlik bevestig deur die eerste Christene, hoe God hulle verlos het van alles, en siektes, en hulle het profete gehad, en hulle het in tale gepraat, geïnterpreteer, en boodskappe gegee wat bewys is as presies die waarheid elke keer. Maar ten aanskoue van al daardie bevestigde Woord, die mense het Dit uitgestem, en ’n denominasie gestem. Dis die moeder van al die organisasies.

70 Altwee is ten volle ryp nou. Hulle het weer begin saad skiet. Dit het uitgesterf, maar weer opgebloei in die dae van Luther, soos ons weet van die vroeëre boodskap hier op die oggend van die ontbyt. Dit het opgebloei in die dae van Luther. Nou wat het hulle gedoen? Net na daardie groot man dood is, het hulle ’n organisasie gemaak.

71 Dit het opgebloei. En weer in die dae van John Wesley, met daardie Anglikane, met al hulle ewige sekuriteite en alles het dit gebind tot ’n plek tot wat omtrent universeel is, en wat het gebeur? God het ’n man opgerig met die naam John Wesley, en die hele ding doodgemaak. En so gou as wat hy dood is, hy en Asbury en hulle, wat het gebeur? Hulle het georganiseer, en nou het jy alle soorte van Metodiste. Toe kom een of die ander, Alexander Campbell, John Smith, en wat nog.

72 Uiteindelik, weg breek die Pinkster, kom uit alles daarvan. Wat het toe gebeur? Hulle het goed aangegaan, wat het julle gehinder? Julle het teruggegaan in dieselfde modder waaruit julle gekom het, teruggegaan in dieselfde gemors, teruggegaan na teenstrydigheid en om organisasies te maak, julle moes toegee op die Woord. En elke keer sou God iets nuuts stuur, julle kon dit nie ontvang nie. Dis reg! Teenstrydigheid alweer! En, let op, soos ek die ander dag gesê het, daardie eerste klein doppie wat voortgekom het vanaf hierdie wortel, kom op binne-in die blare en op binne-in die pluim, dan weer binne in die stam en kom uit. Daardie klein koring doppie lyk amper soos die graan self, en ons het gedink dit was, maar wanneer jy dit oop maak, daar is glad nie enige graan daar nie. Dis slegs ’n ondersteuning vir die graan om by te groei, en dit gaan ook dood, en die lewe gaan daaruit en gaan binne-in die graan in. Let op, so het hulle die kerke genoem wat gesaai het . . .

73 Ons vind uit vandag dat ons sogenaamde kerke, selfs ons Pinkster, ons het uitgegaan, ons kon nie bevredig word nie, ons moes groepe van ons eie maak. Alles het opgekom, ons moes *dit* hê, ons moes *dit* hê, ons moes ’n ander groep hê. En hierdie kêrel het opgestaan, gesê, “Hy kom op ’n wit wolk.” Ander een het gesê, “Uh-huh, Hy kom op ’n wit perd.” “Goed, ons maak twee groepe.” Sien, wat is dit? Saai van teenstrydigheid! Wanneer Hy kom, wat ook al dit is, Hy sal Sy Eie Woord interpreteer wanneer Hy kom. Kom ons wag tot daardie tyd. Begryp die . . . Praat daarvan, julle kry nie eers die Boodskap van vandag nie. Wys altyd na wat God gaan doen, of wat Hy

gedoen het, en ignoreer wat Hy doen. Dis die manier waarop ons teenstrydighede daarin kry.

74 Nou let ons op dat ons kerke vandag, almal—almal van ons kerke het gesaai in die winde, en oes die warrelwind. Ons het nie bidure nie, ons het nie die dienste wat ons gehad het nie. Wat is fout? Ons het die standaarde laat sak op alles. Kyk, selfs ons Pinkster kerke, sit vol van kort-haar vroue. Dit was eers nie toegelaat nie. Geverfde gesigte, dra vingernael politoer, alle soorte goed; kry manne hierbuite met . . . soos Rickies ensovoorts; drie of vier keer getroud, en diakens; o, wat 'n teenstrydigheid! Dis vuil! Hoe het hulle dit gedoen? God wou dit nie in Sy Kerk hê nie, hulle moes gaan na 'n organisasie om daarin te kom. Iemand bang om iets te sê daaromtrent, omdat hulle uitgeskop sal word uit die organisasie. God, gee ons manne wie nie verbind is met enigiets anders as God en Sy Woord nie, wat die Waarheid sal vertel daaromtrent. Dis presies wat ons nodig het. Wat het ons gedoen? Teenstrydigheid gesaai. Ons het gesaai in die winde, en nou oes ons die warrelwind.

75 Let op dat hulle nou bymekaargemaak word vir die verbranding. Het julle opgelet, Jesus het gesê, "Eers, vergader hulle saam, bondel hulle, en sit dan al die bondels in een hoop, en Ek sal hulle verbrand." Daar is 'n klein bondel genaamd, Metodis, Baptis, Presbyteriaan, Lutheraan, hulle groepeer almal saam in die Wêreld Raad van Kerke. Wat is dit? "Versamel hulle eers!" Halleluja! Het julle opgelet, Hy vergader die onkruid eerste, kry hulle weg van die koring, skei hulle, "Groepeer hulle saam en brand hulle." Hulle sal almal gebrand word met die oordele van God, vir die saai van teenstrydigheid onder die mense, dinge wat hulle . . . Besit 'n vorm van goddelikheid, en ontken die Krag daarvan, ontken die Woord, net om sekere godsdienstige rituele voor te hou, of sekere dogma wat iemand ingespuit het, probeer om in die Woord van God te sit. Dit sal nie werk nie. Dit is teenstrydigheid.

76 Ek skreeu vandag, soos dit was, die groot profeet van lank gelede, Amos, toe hy afgekom het na die stad, gesê, "Ek is nie 'n profeet nie, nog 'n seun van 'n profeet. Maar as die leeu brul, wie kan nie bang wees nie!" Hy het gesê, "Wanneer God spreek, wie kan nie profeteer nie." Hy het oordeel voorspel oor daardie geslag, gesê, "Die einste God wat hulle beweer om te dien sal hulle vernietig."

77 Neem julle dit, dis op band, en onthou julle. Die einste God wat . . . Hierdie mense wat nou al hierdie yslike, groot oes bymekaarmaak van—van die Wêreld Raad van Kerke. En julle sal daarin moet gaan. Julle kan nie daaruit bly nie. Julle sal of individueel daaruit moet kom, of julle gaan daarin. Daar gaan geen middeweg wees nie. Dit sal die merk van die dier wees. Geen mens kon koop of verkoop, behalwe as hy die merk het, of die teenstrydigheid het nie. Nou, bly daar uit! Kom daaruit! Vlug

daarvoor! Bly weg daarvan! Die God wat hulle beweer hulle dien sal hulle vernietig. Die groot God van liefde wat nie . . .

Gesê, "Wel, Jesus het gebid dat ons almal een moet wees."

78 Dan het Hy ook gesê, "Hoe kan jy saam loop, twee saam loop, behalwe as hulle ooreenstem?" Hy het gesê "een," soos Hy en die Vader Een is. En die Vader was die Woord, en Hy was die Woord gemanifesteer. Hy was "Een" met die Vader, omdat Hy die manifestasie van God se beloofde Woord was. En so is dit vandag, of enige ander dag. Ja, meneer. Daardie God is Een, Hy wil hê ons moet een wees.

79 Hoe kan *dit* een wees, *hierdie* een wat die maagdelike geboorte ontken, en *hierdie* nie, ontken Goddelike genesing, en *dit, dat,* almal van hulle in 'n gemors soos hierdie? Sommige van hulle glo nie eens in God nie, glo Hy was 'n Seun van God; glo Hy was die seun van Josef, *genoem* die Seun van God. Sekerlik. Die tweeling broer van die Lutherane, Zwinglies, glo dit, dat Hy net absoluut 'n goeie man was. Die Christen Wetenskap sê Hy was 'n profeet, net 'n gewone man, Hy was nie Goddelik nie. Tog, as Hy nie Goddelik was nie, Hy is die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het. Hy was God of Hy was niks. Hy was Goddelik! Hy was Godheid, Homself, vlees gemaak onder ons, in die persoon van die Seun van God. Sekerlik, dis wat Hy was.

80 Nou ons sien die teenstrydigheid het ingekom. Ons weet dat dit hier is, niemand kan dit ontken nie. O, goeiste! Let net op. Hy sal daardie groep vernietig wat beweer hulle dien God. Hou julle dit dop.

81 God het Sy Saad geplant. Ek sluit af, want dis tyd om die gebedslyn te begin. God het Sy Saad geplant, en Sy Saad is Christus. Ek gaan daaroor preek binne 'n paar aand, waar God besluit het om Sy Naam te sit, as die Here wil, miskien by een van die ontbyte wanneer ek 'n bietjie meer tyd het. Kyk, Hy is die enigste Weg van ontsnapping. Hy is die enigste ware Heerser. Hy is die enigste ware God, daar's geen ander naas Hom nie. "Ek is God, en God alleen," het Hy gesê. Jesus het gesê, "Dit is die gebod: Hoor O Israel, Ek is die Here jou God, net een God. Ek is Hy. Hoekom soek jy vir 'n ander? Nog een sal kom . . . Ek kom in My Vader se Naam, en hulle ontvang My nie. Maar 'n ander sal kom in sy eie naam, en hom sal jy ontvang." Soos hulle gedoen het by Nicaea.

"Is jy 'n Christen?"

"Ek is Baptis."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek is Pinkster."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek is Metodis," 'n ander naam.

82 Maar wanneer dit kom by daardie Naam van "Jesus Christus," hulle loop so ver Daarvan as wat hulle kan, hulle wil niks Daarmee te doen hê nie, want Hy is die Woord en die Woord verklaar Ditself. Let op, die enigste Weg van ontsnapping! Hy is die Roos van Saron, die Bybel sê Hy was. Elke titel (in die Bybel) van God behoort aan Jesus Christus. Hy was Alpha, Omega, die Begin en die Einde; Hy wat Was, wat Is, en Sal Kom; die Oorsprong van die Nageslag van Dawid, beide Oorsprong en Nageslag van Dawid; Die Môrester, die Roos van Saron, die Lelie van die Vallei, die Alpha, Omega, Vader, Seun, Heilige Gees, alles in Jesus Christus! Hy was die volle manifestasie van Jehova God, vlees gemaak en onder ons gewandel. Dis presies wat Hy was!

83 Hy was die Roos van Saron. Wat het hulle gedoen met die Roos van Saron? Hulle het Dit uitgedruk, fyngemaak, om die parfuum Daaruit te kry. 'n Pragtige roos moet gedruk word om daardie parfuum van die roos te kry. En dit was 'n pragtige Lewe, daar was nooit 'n lewe gelewe soos Dit nie, maar Dit moes uitgedruk word op Golgota.

84 Sien, hulle het die—die salwing van die Roos van Saron geneem en dit op Aäron gesit, hy moes daarmee gesalf word om in te gaan voor die Here in die heilige plek, in die heilige sluier. Hy moes gesalf word met die Roos van Saron, om in te gaan en die genadetroon te besprinkel elke jaar. En daardie salwing moet op hom wees, 'n welriekende geur voor die Here, die bloed van die lam gedra voor hom, nadat hy ook besprinkel is met die lam. Granate en klokke rondom sy kleed, hy moes 'n sekere pas stap, spelende "heilig, heilig, heilig voor die Here."

85 Let op, Hy is die Roos van Saron, daardie welriekende Geur, die Salwing op Sy mense. Jy kan nie kom voor Hom met enige geloofsbelydenis, enige ander ding, as wat gesalf is met die Roos van Saron, die Woord nie. Hy is ook die Lelie van die Vallei.

86 Nou, hoe kry jy opium? Jy kry opium wanneer jy 'n lelie neem en dit uitdruk, kry jy opium. Dokters gebruik dit in hulle laboratoriums. Neem 'n man wat gespanne is en verbouereerd, of 'n vrou, sy voel sy gaan mal word, sy loop op die vloer en skreeu, sy is histeries, 'n dokter sal 'n bietjie van hierdie lelie opium neem en dit in haar arm indruk of aar iewers, of sy, en hulle word stil. Dis alles oor vir 'n oomblik. Maar net sodra daardie opium wegsterf, hier kom hulle weer, erger as wat hulle ooit was.

87 Maar ek sê julle vriende, dit is net 'n tipe van die egte Opium van die Lelie van die Vallei waarvan ek weet. Hy is die Lelie van die Vallei. Hy was uitgedruk op Golgota. Hy was gewond vir ons oortredinge, met Sy wonde is ons genees. Daarin, daardie uitdruk van blomme, Hy was 'n Blom. Hy was die grootste Blom wat ooit gegroei het, was die Lelie van die Vallei, en hierdie groot Roos van Saron. Nou Hy hang vanaand, gespan tussen Hemel en aarde, ek glo, Hy was daardie tyd, liewer, om—om die sonde van die wêreld

weg te neem en genesing te bring aan die wêreld. En die Bybel het gesê dat Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

88 Vriend, toe God Moses vertel, in die wildernis, wat 'n—'n tipe was van Hom, om die koperslang op te rig. En koper verteenwoordig veroordeelde sonde, die slang verteenwoordig, die *koperslang* verteenwoordig "sonde reeds geoordeel." Soos, *koper* "Goddelike oordeel" is, soos die koper altaar waar die offerande neergelê was. En ook Elia het opgekyk en gesien dat die hemel was soos koper, goddelike oordeel oor 'n ongelowige nasie wat teruggeval het van God. Koper verteenwoordig oordeel, Goddelike oordeel. En die slang verteenwoordig sonde alreeds verordeel; en Jesus was die slang, sonde gemaak vir ons, en die oordele van God op Hom geneem. Hy was gewond vir ons oortredinge, gekneus vir ons ongeregtigheid, die kastyding van ons vrede op Hom en deur Sy wonde is ons genees.

89 O, God het Sy kabinet vol Opium, vanaand, vir jou. Christen vriend, jy is siek en ly. O, jy is moeg, dis te hard vir jou. Jy kan dit nie langer staan nie, jy sal—jy sal wild raak in hierdie moderne dag waarin ons lewe.

90 Het julle *Lifeline* gehoor vanaand, dit is wat hulle gesê het, dat—dat Rusland sê, in '55, dat hulle "absoluut volle kontrole van die hele wêreld sal neem"? Voor dit kan gebeur, die wegraping moet kom. So naby is dit, vriend? Dis net hier naby nou, byderhand.

91 Wil jy Hom nie soek vanaand met jou hele hart nie. Hy is die Lelie van die Vallei, en Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy is hier vanaand om Homself op te rig tussen Sy mense, net soos Moses opgerig het die—die sonde teken, veroordeel. En nie net sonde nie, maar siekte. Onthou, Jesus het gesê, "Soos Moses die koperslang opgerig het, so moet die Seun van die mens opgerig word." Waarvoor het Moses dit opgerig? Vir sonde, ongeloof, en vir siekte. Jesus was opgerig, ook, vir sonde, siekte, en ongeloof. Hy was dieselfde ding.

92 Nou, vanaand, in die dae wanneer ons hierdie groot teenstrydigheid het, Jesus Christus het belowe in Lukas, dat in die dae daarvan, voor die koms van die Here, sou so wees soos dit was in die dae van Sodom, en wanneer die Seun van die mens Homself sou openbaar, soos die Seun van die mens Homself openbaar het aan Abraham daar onder; Elohim, God, vlees gemaak onder mense, en gewandel met Abraham en hom gewys, hom vertel wat Sarah gedink het (het agter hom gesit) in die tent, wat Hy nooit gesien het nie. Haar vertel dat sy sou . . . En haar genoem "Sarah." "Abraham," nie sy—nie sy naam Abram, waarmee hy begin het, maar Abraham. Nie Sarai, S-a-r-a-i; maar S-a-r-a-h, "Waar is jou vrou, Sarah?"

Gesê, "Sy is in die tent agter U."

93 Gesê, "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van lewe," En sy het gelag. Hy het gesê, "Hoekom het sy gelag?"

94 Nou, Jesus het gesê, "Net voor hierdie groot teenstrydigheid bymekaargemaak en verbrand word, dat hierdie Seun van die mens Homself sal openbaar op dieselfde manier soos Hy gedoen het toe." En dis . . . Wat is dit? Dis 'n oprigting, opnuut, voor julle, dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? Kom ons buig dan ons hoofde vir gebed.

95 Dierbare God, ons het U lief. U Woord is so—so vullend vir ons, Here. Ons het Dit net lief! Ons lewe daarby, Here. Dit blyk dat ons kapasiteit nooit genoeg is nie. Ons is net lief om te sit by U tafel, rondom U Woord, en die seëninge te geniet, Here, wanneer ons saamkom soos hierdie, broers en susters wat gekoop is deur die Bloed van die Seun van God, wie die aankoop van U Bloed is. En ons kom hier vanaand, Here, ons het hierdie aande toegewy vir gebed vir die siekes. En volgens die Skrifte, U het gesê dat "deur die wonde is ons genees." Dit is dan nie nodig dat ons bid nie (net ons sondes bely), want deur U wonde is ons (verlede tyd) genees. O, wat 'n dag van saligheid! Wat 'n—wat 'n belofte van Emmanuel! Dat Dit sekerlik die Waarheid is.

96 U het gesê, "'n Kort rukkie, en die wêreld sal My nie meer sien nie, maar julle sal My sien, want Ek" (die persoonlike voornaamwoord "Ek") "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld." En aan die einde van die tyd, hierdie groot voleinding, U het gesê, net voor dit gebeur, dit sal net so wees soos voordat die vuur geval het in Sodom en die Heidense wêreld verbrand het, dat daar weer 'n openbaring sou kom van die Seun van die mens, net soos dit was by Sodom. Vader, mag die mense dit nie mis nie.

97 En ek bid, God, as 'n kras klein dingetjie, (as ek verkeerd gesê het, vergewe my), oorgegaan in 'n rat. Ek het hulle lief, Here. Ek—ek bid dat hulle dit nie sal mis nie. Laat hierdie een van die groot aande wees, Here. Mag elke siek, beproefde, blind, wat ook al dit is hier binne, Here, genees sal word vanaand. Mag elke sondaar gered word. Reg in hulle harte nou, as hulle 'n ongelowige is, en mag hulle Christus aanvaar op hierdie oomblik. Skenk dit, Vader. Dis alles in U hande. Ons vertrou onsself toe aan U, om U te sien kom onder ons.

98 En U het gesê, in Johannes 14:12, "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Hoe ons weet dat U Uself bekend gemaak het aan die mense, want U was die profeet wat Moses gesê het sou opstaan. Hulle het nie profete gehad vir honderde jare nie, teenstrydigheid was aan elke kant, maar tog moes die Woord van God volbring word; so die Woord het vlees geword, en so ook die teenstrydigheid. En, Vader, ons sien dit weer vandag, die teenstrydigheid word een groot bondel; en ons sien die Woord kom dieselfde pad. Seën ons vanaand, Vader. Ons

vertrou onsself toe aan U, met U Woord. Wat ook al U begeer dat ons moet doen, doen dit met ons, Here. In Jesus se Naam. Amen.

99 ['n Suster praat in 'n vreemde taal. Leë kol op die band—Red.] Baie eerbiedig. Ons weet nie wat Hy gesê het nie. Hy mag vir ons iets wil vertel, so wees net baie eerbiedig vir 'n oomblik. [Leë kol op die band. 'n Broer gee 'n verklaring—Red.]

100 Amen. Het julle ooit gelees [Leë kol op die band—Red.] Skrif waar die vyand gekom het, en hulle was almal saam, en hulle . . . die vyand was so 'n groot mag. En die Gees van God het op 'n man geval, en hom vertel, en hy het geprofeteer, en gesê waar om te gaan en te lê en wag, en hulle het die vyand vernietig. Daar kom dit weer. Daar is die plek om jou vyand te vernietig, sien, neem die hand van God. Die hand van God is Christus, natuurlik, die Woord, so neem dit in julle harte vanaand terwyl ons die gebedslyn roep.

101 Ek glo Billy het weer gebedskaarte uitgegee vandag. B, B's, kom ons neem B, vyf-en-tagtig. Gisteraand, ons het vyftien gehad gisteraand. Ons probeer gewoonlik om vyftien te kry in 'n aand. En dan julle kaarte te hou, ons sal hulle kry, nou. Kom ons probeer omtrent vyftien. Vyf-en-tagtig. B, soos Branham, julle weet. B, vyf-en-tagtig tot 'n honderd. En ons . . . Kom ons kyk, wie het B, vyf-en-tagtig, steek u hand op. U is seker . . . O, daar agter, alles reg, vyf-en-tagtig kom op.

102 Nou, my seun . . . Sodat daar miskien vreemdelinge hier is, sal nie weet hoe dit gedoen word nie. My seun kom hier onder of iemand; as hy nie kan kom nie, Broer Borders, iemand anders. Sekere man sal afkom, en hierdie kaarte neem, 'n honderd van hulle, en voor die mense staan en hulle almal deurmekaar maak. So daarom gee hy jou 'n kaart, hy kan jou nie sê of jy hier gaan opkom op die platvorm nie, hy weet dit nie. En ek weet ook nie. Ek kom in die aand, trek net omtrent tien of vyftien, iewers langs, in die kaarte. Dit het nie een ding te doen met jou genesing nie. Jy kan net daar sit. Kyk, gisteraand. Hoeveel was hier gisteraand, laat ons julle hande sien? Hoe die mense genees is reg deur die byeenkoms!

103 Nou, dit was vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig, nege-en-tagtig, negentig. Laat ons hulle nou laat kom. B, vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, agt-entagtig, nege-en-tagtig, negentig. Daar was een . . . Sekerlik, het ons iemand s'n nodig . . . Hier is nog een, ja, dit maak dit reg. Negentig, negentig tot 'n honderd nou. Negentig, een-ennegentig, twee-en-negentig, drie-en-negentig, vier-en-negentig, vyf-en-negentig, ses-en-negentig, sewe-en-negentig, -agt, -nege.

104 As jy nie kan beweeg nie, as jy . . . ek sien ons het 'n paar, drie rolstolle hier nou, vier van hulle, glo ek, ek kan sien. As jy

'n gebedskaart het, dis—dis jou nommer wat geroep word, en nie kan beweeg nie, steek net jou hand op, ons sal jou hier opstoot.

105 En as jy nie 'n gebedskaart het nie, sit net daar en bid, en sê, "Here Jesus, laat—laat—laat dit ek wees vanaand." Hoeveel hier binne het nie 'n gebedskaart nie, steek jou hand op. O, goeiste! Goed, nou laat ons dit sê, ek hoop dit klink nie onheilig nie. Maar was 'n klein vroutjie een keer wat nie 'n gebedskaart gehad het, ons sou sê. Sy het deur die skare gedruk, sy het gesê (nou luister goed), "As ek daardie Man se kleed kan aanraak, ek sal gesond gemaak word." Hoeveel ken die storie? Goed. En wat het sy gedoen? Sy het Hom aangeraak en gaan sit daar oorkant. En Jesus het omgedraai, Hy het geweet waar sy was. Is dit reg? Hy het geweet wat haar probleem was. Is dit reg? Hy het geweet wat haar probleem was, so Hy het haar vertel wat haar probleem was. En sy het gevoel in haar liggaam dat die bloedvloeiing gestop het. Is dit reg? Want hoekom? Sy het Hom aangeraak.

106 Nou, hoeveel Christene hier vanaand wat weet, volgens die Hebreërs, die Boek van Hebreërs, dat Jesus nou die Hoë Priester is, die Hoë Priester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Is Hy? Goed, as Hy dieselfde Hoë Priester is, dieselfde amp, Hoë Priester, hoe sou Hy dan optree? Hy sou optree net dieselfde soos Hy gedoen het toe. Glo julle dit? Hy sou dieselfde optree as Hy gedoen het toe, as julle dit kan glo. Goed. Hoeveel glo dit, steek julle hande op, sê, "Ek glo dit werklik"?

107 Goed, voordat hulle die gebedslyn vorm, laat ons 'n gebedslyn hê daar buite. Ek weet Hy is hier. Ek—ek—ek voel Sy Teenwoordigheid, en ek—ek weet dat Hy hier is. Kom. Gebedslyn gereed? Ek sou daar buite geroep het. Bid julle net—net, kyk net hiernatoe en bid, glo Hom net.

108 'n Klein dametjie wat hier sit reguit na my kyk, sit langs 'n dame wat 'n bril op het. Kan julle nie sien Dit hang oor daardie vrou nie? Kyk daar. Sien? Sy lei aan hartprobleme. Glo jy dat God jou gesond maak. As jy, steek jou hand op. Dis wat die probleem was. Dis reg. Nou as dit jou probleem was, steek jou hand op sodat die mense kan sien, steek jou hand op soos dié. Nou, jy het dit nie meer nie. Jou geloof het jou gesond gemaak.

109 Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. O, daar is 'n teenstrydigheid; maar Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Is dit . . . Nou hou net aan bid, sien, julle hoef nie hier te wees nie, sodat julle mag weet.

110 Nou, dit is 'n dame. Sover as ek weet, het ek haar nooit gesien in my lewe nie, sy is net 'n vrou wat hier staan, en het 'n gebedskaart, en het nie geweet of jy geroep sou word of nie. Iemand het jou net 'n gebedskaart gegee, en jou—jou nommer is geroep, so jy het net hier opgekom. Is dit reg? En ek het geen manier om te weet wat jy is nie, wie jy is, waar jy vandaan kom, wat jy wil hê, niks omtrent dit nie. Ek is net 'n man, jy is 'n vrou.

Dis reg. Dis dieselfde prentjie wat voorgekom het in die Bybel, Johannes, die 4de hoofstuk.

111 Nou sê jy, "Wat het jy gedoen, Broer Branham, net nou, 'n tydjie gelede." Net oorgegaan in daardie rat, sien. Ek weet nie, sien. Hy moet dit doen. Ek weet nie. Hoe het daardie vrou daar buite? Ek het nooit daardie vrou in my lewe gesien. Sy is 'n totale vreemdeling vir my. Ek glo dit was 'n vrou. Wie is die persoon wat genees was netnou daar buite in die gehoor? Steek. . . Ja, is ons vreemdelinge vir mekaar? Is dit reg, waai jou hand soos *dit*. Sien? Ek het nooit daardie vrou gesien nie. Maar sy het daar gesit, gelowig. Nou, sy het Iets aangeraak, het sy nie? Dit sal niks goed doen om my aan te raak nie.

112 Maar nou, kan julle nie sien dat die Bybel presies die Woord van God is nie? Hy is dieselde gister, vandag, en vir altyd. Ons word tabernakels van daardie Heilige Gees wat Christus is. Sien? Dis die regte Saad. Dit is die regte Heilige Gees wat in daardie regte Saad van die Woord kom, nie. . . Dit sal nie net 'n deel daarvan neem nie (want, die Duiwel gebruik Dit), jy moet Dit alles neem, sien, elke Woord daarvan; want, Hy is nie half God nie, Hy is heel God. Sien? En dit is wat gebeur.

113 Nou, hier is 'n vrou, ek het haar nog nooit gesien nie. Jesus het 'n vrou gevind soos hierdie een maal, miskien nie dieselfde toestand nie, ek weet nie. En Hy het gesit by 'n put. Hy—Hy het 'n behoefte gehad om af te gaan na Samaria. En ons vind uit, Samaria was onderkant die heuwel. En—en Hy was oppad na Jerigo, liewer, en Hy het by Samaria langs gegaan, en gekom by die stad van Sigar. En Hy het gaan sit op die put, en Sy dissipels weggestuur vir kos.

114 Hoeveel rasse van mense is daar in die wêreld? Drie. Gam, Sem, en Jafet se mense. Ons kom almal van Noag. En die res van die wêreld was vernietig teen daardie tyd. Slegs drie rasse van mense, die Jood, Heiden, en Samaritaan (wat half Jood en Heiden was). En dis al die rasse wat in die wêreld is, sien, net drie.

115 Alles in God is perfek in drie. Net soos hierdie drie waarvan ek vanaand gepraat het: drie stadiums van teenstrydigheid, drie stadiums van die Woord vlees gemaak, ensovoorts. Sien?

116 Nou, en Hy—Hy wat met die Jode gepraat het, het Phillipus vertel, toe hy Natanael gebring het, dat waar hy was, en gesê, "Ek het hom gesien toe hy onder die boom was." Hy het gesê. . . Andreas het Petrus gebring, Hy het gesê, "Jou naam is Simon, en jy sal 'Petrus' genoem word van nou af." Gesê, "Jy is die seun van Jonas." Sien? Nou, dit was almal Jode.

117 Maar hier gaan Hy na 'n Heiden. . . nie 'n Heiden nie, maar 'n Samaritaan.

118 Nou is dit die Heiden se tyd. Hy het dit nie een keer aan die Heidene gewys nie. Deursoek die Skrifte. Nooit. Maar Hy het belowe, in Lukas 22, dat Hy dit sou doen net voor die Koms.

119 Maar Hy het daar gesit, en hier kom 'n half Jood en Heiden uit, 'n vrou. En Hy sê vir haar, "Vrou, bring vir My om te drink."

120 En sy het gesê, "Tog, jy moet dit nie vra nie, soveel. Ons is . . . Daar is 'n skeiding hier. Jy is 'n Jood, en—en ek is 'n Samaritaan.

121 Hy het gesê, "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy My vra om te drink." Wat het Hy gedoen? Haar gees gekontak. En so gou as wat Hy gevind het wat haar probleem was, wel, Hy het haar gesê om haar man te gaan haal. Sy het gesê sy het nie een nie. Hy het gesê, "Dis reg, jy het vyf gehad."

122 Nou, kyk, toe die Fariseërs Hom dit sien doen. Reg, daardie teenstrydigheid reg onder die Woord, wat het hulle gesê? Hulle het gesê, "Die Man is Beëlsebub, 'n fortuinverteller." Sien?

123 En Jesus het gesê, "Wie ook al dit spreek teen die Heilige Gees wanneer Dit gekom het om dieselfde te doen, dit sou nooit vergewe word nie." Daar is julle teenstrydigheid. Sien? Maar Hy het gesê Hy sal hulle vergewe, toe, omdat die Heilige Gees nie gekom het nie; die Offerande, die Lam het nie gesterf nie.

124 Maar die vrou het nie so gedink nie. Die vrou het gesê, "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Hulle het nie 'n profeet gehad vir honderde jare nie. Gesê, "Ek sien U is 'n profeet. Nou, ons weet daardie Messias, wat die Christus genoem is, wanneer Hy kom, dis wat Hy gaan doen."

125 Wel, as dit is wat Hy gedoen het, dan is Hy dieselfde gister, vandag. Dis hoe Hy Homself bekend gemaak het toe, is dit nie dieselfde ding vandag nie? Dit moet wees! Nou, hier is 'n vrou en 'n man, ontmoet weer. Sy is nie daardie vrou nie, ek is nie daardie Man nie. Maar tog dieselfde Heilige Gees is hier, en maak die belofte dat die werke wat Hy doen, ons sal dieselfde ding doen in die dae dat die Seun van die mens geopenbaar sou word.

126 Nou, nie bekend met jou (en jy weet dit is waar), ons is totale vreemdelinge, en jy staan hier. Daar is iets . . . Mag iets verkeerd wees met jou, miskien is daar nie, ek weet nie. Maar as die Here Jesus aan my sal openbaar, deur Sy Heilige Gees, wat jou probleem is, sal jy dan glo dat Dit die Seun van God is, en nie 'n menslike wese nie? Dit is net 'n dop, *hierdie* tabernakel wat—wat God gebruik, enige wat Hy gekies het. Hy—Hy doen dit deur soewereine genade en uitverkiesing. So, maar jy glo. Jy sal? [Die vrou sê, "Amen"—Red.]

127 Hoeveel in die gehoor sal dit glo? Hier staan ons albei hier regvoor die Ligte, dat ons nooit in hierdie lewe ontmoet het nie, het geen idee wie die vrou is, wat sy is, waar sy vandaan kom, wat sy wil hê nie. Ek het haar nooit gesien in my lewe nie, nie meer as wat ek daardie vrou *daar onder* in my lewe gesien het nie. Maar, sien, hier is wat ek probeer om te doen: kry daardie teenstrydigheid weg van julle af nou, en glo die Woord wanneer die Woord vlees gemaak word reg hier onder ons. Die Woord word lewend in ons vlees, dit wys die Teenwoordigheid van God.

128 Nou mag Hy dit skenk aan haar. Sy wil 'n waardige saak hê. Sy is kinderloos, sy wil 'n baba hê. Sy is omtrent veertig jaar oud. Dis sekerlik nie onmoontlik nie.

129 Hulle sit daar buite nou, vroue wat onvrugbaar was hulle hele lewe, en kom na die platvorm soos hierdie, en die Here gee hulle kinders. Sommige van julle steek julle hande op daar wat weet. Sien? Sien? Ek het 'n klein skattebol meisie opgetel die ander dag, Sondag, nadat ek hier weg is. Sondagmiddag; wat haar moeder onvrugbaar was, die Here het gespreek. En die klein meisie, die oulikste klein ding, is sy hier? Waar is sy? Ja, hier sit sy net hier, sit net . . . ek dink, of die moeder sit hier. Hier is die klein meisie, self. Sien haar? Sy was 'n gesproke Woord van God.

130 Nou, sal jy Hom glo met jou hele hart? Glo jy dat daardie seëning wat jy het, wat jy nou in jou voel, was God wat antwoord? As God my sou sê wat jou naam is, sodat jy die baba naam kan gee, sou jy glo? Dan, Mev. Thompson, jy kan huis toe gaan en jou baba hê, as jy dit glo met hele hart.

131 Glo jy dit met jou hele hart? Hê net geloof, moenie twyfel nie, glo God net. God is God.

132 Hoe gaan dit met u, meneer? Ek neem aan ons is ook vreemdelinge. Die enigste keer wat ek jou gesien het in my lewe, sover as wat ek weet, is toe jy daar aangekom het. En ek het gedink jy was Broer Shakarian se oom, of wie dit . . . Mashagian, Broer Mashagian, die sanger, toe jy verby kom. En toe het ek gesien jy het na die gebedslyn gegaan. Nou, as 'n vreemdeling vir jou, en, of vir jou, en ek 'n vreemdeling, elke kant. Nou, as die Here Jesus my iets sal sê wat jy—wat jy, miskien wat jy wil hê, laat ons net so sê; sê jou wat, sê my wat jy wil hê. Nou, Hy het dit alreeds aan jou gegee. Enigste ding is net genoeg geloof om dit te glo.

133 Nou, hoeveel verstaan dit? Net genoeg geloof om te glo wat jy kry waarvoor jy gevra het! Sien?

134 Nou, nou, as jy hierbo is om iets te kry, en Hy kan my vertel wat jou begeerte is, dan weet jy ek weet nie jou begeerte nie, dan moet dit Iets hier wees wat dit doen. Nou, volgens die Woord, Hy het belowe om dit te doen. Hy het die gedagtes binne-in hulle harte geweet. Is dit reg? Goed.

135 Jy het 'n groot begeerte om genees te word. Een ding, jy lei aan 'n gespanne toestand, baie gespanne. Dis reg. Nog 'n ding, jy het rugprobleme, en daardie rug was baie sleg vir 'n hele tyd, jy het selfs 'n operasie daarop gehad. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dis waar. Sien. Dis reg. En hier is nog 'n ding, jou diepe begeerte, is, jy wil die doping van die Heilige Gees ontvang. Dis presies reg. Kom hier.

136 Dierbare God, in die Naam van Jesus Christus, mag hierdie man gevul word met die Heilige Gees, voordat hy hierdie gronde verlaat, in Jesus Naam. Amen.

Nou ontvang Dit, my broer. Hê net geloof, moenie twyfel nie.

137 Hoe gaan dit? Ek neem aan, sover as wat ek weet, dat ons vreemdelinge is een vir die ander. Is dit reg, tog, sodat mense sal weet, steek net jou hand op sodat hulle sien dat ons vreemdelinge is. Ek het haar nooit gesien in my lewe nie, wetend. En ek raai sy het my nooit gesien nie, behalwe as dit buite in die gehoor was. Want die Hemelse Vader weet, en hier lê Sy Woord hier, dat ek nooit hierdie vrou wetende in my lewe gesien het nie. Daarom, ek sal nie weet waarvoor jy hier is nie, het geen idee wie jy is, wat, of niks omtrent jou nie. Ek kon jou nie een ding vertel nie.

138 Enigste ding, dis net 'n gawe. As ek kan. . . Soos jy my hoor verduidelik het 'n tydjie gelede. Beweeg net oor, hoor wat Hy sê; wat ek sien, ek kan dit sê. Wat Hy nie sê nie, kan ek nie sê nie. Ek sou dit sê in myself, en dit sou verkeerd wees. Sien? Dit sou verkeerd wees. Maar as Hy dit sê, dis absoluut reg. Dit kan nooit, dit was nooit verkeerd nie. Dit sal nooit verkeerd wees so lank as dit God bly nie. Sien? Sien, omdat God kan nie verkeerd wees nie.

139 Maar as God my kan sê wat jy wil hê, wat jou begeerte is, of—of waarvoor jy hier is, iets wat jy gedoen het, of iets, iets soos dit, of wie jy is, waar jy vandaan kom, of wat ook al Hy my wil vertel, jy sou glo? Dankie.

140 Een ding, jy het probleme met jou voete. Jou voete pla jou. [Die vrou sê, "Ja"—Red.] Dis reg. Steek jou. . . Jy het 'n vroue probleem, vroue kwaal. ["Ja"] En jy het 'n groot begeerte in jou hart, omdat jy onlangs iemand of iets verloor het. Dis 'n seun, en jou seun het die huis verlaat, weggeloop, en jy wil hê ek moet bid dat hy sal terugkom. ["Ja"]

141 God in die Hemel, stuur hierdie kind na haar. Laat die Heilige Gees daardie jong man op die pad stop vanaand, Here, stuur hom terug na sy moeder. In Jesus Naam. Amen.

142 Hy Wat weet sal hom terugstuur na jou. Moenie bekommer nie. Glo nou, moenie twyfel nie. Hê net geloof, met jou hele hart. Glo jy, en God sal die res daarvan skenk.

143 Nou, net daardie drie of vier onderskeidings, wat ook al dit was, sien, ek—ek het net aangegaan totdat dit blind word vir my. Ek kan dit nie verduidelik nie, daar is geen manier om dit te verduidelik nie. Julle sê, "Jy bedoel, net daardie was erger as wat jy sou preek daar vir vyf-en-veertig minute of meer, dink jy?" Ja, meneer. As dit drie ure was, dit sou nie soveel wees nie.

144 'n Vrou het die kleed van ons Here Jesus aangeraak. En daardie mense raak my nie aan nie. Tog, hierdie vrou hier, kyk net hier, sy kon. . . [Broer Branham sê vir die vrou, "Sit jou hande op my, sien."—Red.] Sy het my nou net oral aangeraak, sou nie 'n ding gedoen het nie, ek is net 'n man. Maar sy moet Hom aanraak. En ek, deur 'n gawe, net—net. . . dit gaan net, alles van myself gaan weg, en ek sê net wat ek sien. Sien? En dis al. Sy wat my

aanraak beteken niks nie, maar sy raak Jesus deur my. Dis hoe die vrou God aangeraak het deur Jesus, toe Hy nie geweet het wat die probleem was met haar nie. Sy het Sy kleed aangeraak, gegaan en gaan sit. En Hy het gesê—en Hy het gesê, "Wie het My aangeraak?"

145 En die apostels het gesê, "Tog, almal raak aan U. Hoekom sê U dit?"

Hy het gesê, "Maar Ek het gevoel dat krag uit My gaan."

146 Nou, weet julle wat krag is? Sterkte. Hy het swak geword deur een vrou wat Hom aangeraak het, en Hy was die Seun van God. Wat omtrent my, 'n sondaar gered deur Sy genade. Julle weet waarom dit meer is? Want Hy het gesê, "Hierdie dinge wat Ek doen, sal julle ook doen. Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na My Vader." "Groter," sê Dit daar, maar die regte Griekse vertaling is, "Meer as dit sal julle doen."

147 Nou, die dame ken ek nie. Ek weet niks van haar af nie. Sy is net so 'n totale vreemdeling vir my as die ander mense was. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Net sodat die mense sal weet, jy mag jou hand opsteek, sê, "ons is vreemdelinge." Nou, die Seun van God, as Hy een maal 'n vrou ontmoet het in 'n klein panorama soos dit, by 'n put, en Hy het met haar gepraat net 'n oomblik, en Hy het geweet waar haar probleem was, en Hy het haar vertel wat haar probleem was. En so het sy geweet daardeur, dat Hy die Messias was. Nou dat—dat ek . . . Jy het my aangeraak, ek het jou aangeraak, en niks het gebeur nie. Maar as my geloof (deur 'n gawe) en jou geloof (deur daarin te glo) Hom kan aanraak, en Hy kan deur ons praat na . . . deur my na jou, dan weet jy Hy is hier soos Hy was by daardie—daardie put by Sigar. Sien? Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo jy dit?

148 Jy het so baie probleme, so baie beproewinge, komplikasies! Een van die vernaamste dinge waar jy voor gebid wil word, is artritis. Dis reg. Dis reg? Jy word verstyf deur artritis. Wanneer jy sien jy jou arm opsteek . . .

149 En jy het soort van stadig geloop, na die beste van my geheue. Miskien net wag, net 'n oomblik, miskien kan iets anders gesê word wat sal neem die . . . Daaruit, jy—jy voel dinge; mense, jy weet, soos 'n asem wat teen Dit kom. Hulle sê, "Wel, hy het dit geraai," of, jy weet, soos dit.

150 Maar, jy lyk na 'n goeie persoon, praat net met my 'n oomblik. Laat ons hier staan net 'n bietjie, omdat ek dink daar is iets anders in jou hart wat jy van God wil hê. Nou, ek kan nie jou gebed antwoord nie, maar Hy kan . . . Omdat, as jy dit glo, dis alreeds geantwoord. Maar as jy net wil glo; om jou te laat glo. Nou, ek sê jou, dit is omtrent 'n geliefde wat nie hier is nie, en dit is 'n broer, en daardie broer is nie eens in hierdie land nie. Hy is in 'n soort van nat land, baie mere. Ek sou sê iets soos in Michigan of iets . . . Ja, Michigan is waar dit is. En hy ly aan 'n dodelike

moordenaar, en dit is 'n ongeneeslike nierprobleem waarmee hy gepla word. Dit is reg, is dit nie? Dis SO SPREEK DIE HERE. Nou, die sakdoek wat jy in jou hand het, wat jy opgesteek het na God, stuur dit na jou broer en sê hom om nie te twyfel nie, maar om te glo, en dit sal, hy sal genees word nou as jy dit sal glo.

151 Glo jy dit met jou hele hart? Sien, dan, as jy glo, daar is net een ding om te doen, dis, aanvaar dit absoluut. Is dit reg?

152 Nou julle sê, "Hy kyk daarna, daardie mense. Dis wat hy doen, kyk na hulle." Jy sien dit so baie!

153 Maar dat jy dit nie mag weet nie . . . Hierdie dame hier, kom op hierdie kant, dame, hier, die pasiënt, wie ook al dit is. Ek kyk nie na haar nie. Glo jy dat God aan my kan openbaar wat jou probleem is? Steek jou hande op, as jy sal, hierdie dame hier, hierdie dame hier, die pasiënt. Ja. Ja. Goed, dan as jy dit glo met jou hele hart, daardie asmaprobleem sal jou nie meer pla nie. Goed, gaan huis toe en glo daardie genesing nou.

154 Kyk net, daar is dit. Sien, Hy . . . Julle kyk *hiernatoe,* die gesig is daar maak nie saak wat gebeur nie. Amen! Kan julle dit nie sien nie? Net so perfek soos God perfek kan wees!

155 Jy glo, ook? Asma kan jou verlaat, ook, kan dit nie? Jy glo dit sal? Goed, gaan vertel die Here Jesus dat jy—jy glo Hom.

156 Eendag sal jy moet dra 'n—'n klein kierietjie rond as daardie artritis jou kruppel maak, maar dit gaan dit nie doen nie. Jy gaan nie, jy glo dit nie, glo jy? Jy glo jy gaan reg wees? Gaan op jou pad, en Jesus Christus maak jou gesond.

157 Hartprobleme maak mense dood, maar dit hoef jou nie dood te maak nie. Jy glo dat God dit sal gesond maak vir jou, en jou gesond maak? Gaan glo dit met jou hele hart, sê, "Ek is klaar met bid daarvoor."

158 Praat jy Engels? Verstaan jy Engels? [Broer Branham sê, "Iemand kom." 'n Tolk kom—Red.] Ja, goed. Sal jy met haar praat wat ek aan haar sê? Sê aan haar as sy sal glo, daardie maagprobleem sal haar verlaat. Sy—sy sal dit glo? Jou rugprobleem sal jou ook verlaat, so nou kan jy op jou pad gaan en gesond wees.

Hoe gaan dit met jou? Glo jy? [Sy sê, "Ja, meneer"—Red.]

159 Daardie man wat daar sit met rugprobleme, na my gekyk toe ek dit sê. Hy kan genees word, ook, as jy dit glo, meneer. Goed, meneer.

160 Die dame wat reg langs jou sit, jy het nekprobleme, het jy nie, dame? Jy glo dat God jou sal genees? Jy wil hande lê op die klein seuntjie vir sy knieë, dat hy gesond sal word, ook. Glo jy dit? Jy het vroueprobleme gehad, damesprobleme, jy het dit nie nou nie. Jou geloof het jou gesond gemaak en jou heel gemaak.

161 Glo julle Jesus Christus, is dieselfde gister, vandag, en vir altyd? Dan laat ons, ons hande opmekaar sit en bid hierdie gebed van geloof, elkeen van ons, bid die gebed van geloof.

162 Dierbare God, terwyl ons so bedek is in U Goddelike Teenwoordigheid, om U te sien beweeg deur die gehoor, die siektes oral genees. U is God. Ek bid dat U hierdie hele gehoor sal genees. Laat die Asem van God opnuut in hulle harte val, en laat hulle weet dat die tyd uitloop. Ons is net 'n klein oomblik langer hier, dan gaan ons wees met Hom Wie ons lief het. En mag Sy Teenwoordigheid nou genesing bring aan almal.

163 Ons verdoem Satan, ons verdoem al sy dade. In die Naam van Jesus Christus, Satan, kom uit die mense.

164 Almal wat Hom nou sal glo, en julle genesing aanvaar, staan op julle voete, sê, "Ek staan nou op om my genesing te aanvaar. Ek glo dit." Ondanks jou toestand, as jy dit regtig glo, staan op jou voete. Nou steek jou hande op, en sê, "Dankie, Here Jesus, vir my genesing." God wees met julle.

Die Saad Van Teenstrydigheid AFR65-0118
(The Seed Of Discrepancy)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 18 Januarie 1962, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale by die Westward Ho Hotel in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©1993 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org